# Eskom maak ál meer wins

VIR die derde agtereenvolgende jaar het Eskom se jaarlikse wins 'n styging getoon, met die 2011/2012-boekjaar se wins van R13,2 miljard.

Ten spyte daarvan dat hoë kragpryse verbruikers hard tref en Eskom om nóg 'n verhoging aansoek gedoen het, maak die maatskappy 'n enorme wins.

Eskom het in sy afgelope boekjaar, vir die derde agtereenvolgende keer, 'n styging in sy wins aangeteken. Sy wins vir die boekjaar van Maart verlede jaar tot einde Maart vanjaar het op R13,2 miljard te staan gekom. Die maatskappy het in September verlede jaar R12,8 miljard verwag, ná 'n wins van R8,4 miljard vir die 2010/'11-boekjaar aangeteken is.

Volgens 'n mediaverklaring sal dié wins ten volle aangewend word om die maatskappy se beoogde uitbreidings te finansier en om sy skuld te betaal.

Mnr Brian Dames, hoof uitvoerende beampte, sê Eskom is tans nie die maatskappy wat hy twee jaar gelede was nie. "Ons het 'n strategie om Eskom in 'n hoëwerkverrigting-eenheid te verander en om dit te posisioneer om te groei. Hoewel ons nog nie daar is nie, het ons nou die boublokke om die maatskappy vorentoe te neem."

Mnr Malusi Gigaba, Minister vir Openbare Werke, sê hulle is opgewonde daaroor dat die finale fase van die oprigting van die Medupi-kragsentrale onderweg is. Dié kragsentrale sal na verwagting voor einde volgende jaar sy eerste krag aan die nasionale kragnetwerk lewer.

Eskom se koste het in die afgelope boekjaar met sowat 29% gestyg, met primêre energie per kilowatt-uur wat die hoofdrywer was. Die koste om steenkool te brand, het met 20,8% gestyg, terwyl Eskom sowat R3,3 miljard moes bestee om krag van ander bronne aan te koop.

Mnr Dawie Maree, kommersiële bestuurder van Agri SA, sê die maatskappy het aangedui dat hy oor die volgende vyf jaar vir kragprysstygings van tussen 14% en 15% per jaar sal aansoek doen. Die kragvoorsiener het vroeër aan die media gesê dat dié styging uiteindelik op 'n 50%-verhoging oor die tydperk te staan kan kom.

Hy sê hulle wag intussen op die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye om 'n voorstel oor goedkoper tariewe vir die landbou aan die Kabinet voor te lê. "Die verslag is verlede jaar in Januarie reeds aan die departement oorhandig, en ons roer dit gereeld aan deur middel van byvoorbeeld die Forum vir hoof uitvoerende beamptes," vertel Maree. Die nuwe tariewe behoort van April 2013 af van krag te wees.

*Artikel: Alani Janeke, Landbou Weekblad.*

# Regering het agenda met grond: Abram

DIE Regering is nie eerlik oor die teruggee van grond nie, sê die ANC-LP, mnr Salam Abram.

Die staat koop baie plase en nasionaliseer reeds die land daarmee omdat dié grond sy eiendom bly en nie oorgedra word nie, het mnr Salam Abram, ANC-LP, op Avcasa se gala-dinee buite Benoni gesê.

Salam het kaalvuis onder die Regering ingeklim en gesê hy pas sosialisme toe en meng in op terreine waarvan hy niks weet nie. As voorbeeld het hy die wolbedryf gebruik en gesê dit is belaglik hoe politici dié bedryf wil reguleer terwyl hulle duidelik niks van die biologiese werklikhede van die landbou verstaan nie. Dit geld ook die gesukkel om chemiese produkte geregistreer te kry.

"Daar is uitstekende amptenare in die staatsdiens, maar die grootste aantal amptenare in alle departemente dink eerder aan redes hoekom iets níe gedoen moet word nie as om dit te pak en die werk te doen."

Hy sê daar is te min mense in die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en die portefeuljekomitee wat die landbou ken en verstaan. Die portefeuljekomitee moet dit sy taak maak om soveel moontlik van die bedryf se probleme op alle vlakke onder die Regering se aandag te bring, het hy gesê.

"Ons moet by die punt kom waar politiek uit die landbou gehaal word en van alle boere wat iets produseer, as landbouers gepraat word."

Hy het veral te velde getrek oor die dilemma van politieke aanstellings wat nie die kundigheid het nie en gesê die land gaan nêrens kom met dié benadering nie. Hy het ook uitgevaar oor die gebrek aan ondersteuning vir plase waarop begunstigdes gevestig word, wat veroorsaak dat die grond uit produksie verdwyn.

Op dié plase gaan niks aan nie en dit skep 'n verdere veiligheidsrisiko in landelike gebiede wat reeds onder druk is omdat "tweebeen-roofdiere" daardeur makliker toegang tot ander plase kry.

Salam sê almal in die land moet daarna streef om uitnemend te wees en hulself onmisbaar maak. "Daar is 'n totale verandering van gesindheid op alle gebiede in die land nodig," sê hy.

Mnr Bennie van Zyl, hoofbestuurder van die TLU SA, het in reaksie op die toespraak gesê: "Mnr Salam het baie goed daarin geslaag om 'n bepaalde verantwoordelikheid in die landbou korrek te plaas.

*Artikel: Isabel Stoltz, Landbou Weekblad.*

## *Mahlangu in Augustus gevonnis*

DIE man wat skuldig bevind is aan die moord van mnr Eugene Terre'Blanche op sy plaas in April 2010, sal in Augustus vanjaar gevonnis word.

Chris Mahlangu, die moordenaar van mnr Eugene Terre'Blanche, voormalige leier van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), se lot sal op 20 Augustus bepaal word. Regter John Horn het Maandag 18 Junie 2012 in die Hooggeregshof op Ventersdorp dié vonnisoplegging uitgestel. Luidens 'n berig op *News24.com* sal die man wat saam met Mahlangu vir die moord aangekeer is, Patrick Ndlovu, op dieselfde dag op 'n klag van huisbraak met 'n voorneme om te steel, gevonnis word. Ndlovu is van moord en poging tot moord vrygespreek.

Die twee het hulself aan die polisie oorgegee kort ná Terre'Blanche se liggaam op 3 April 2010 in sy plaashuis gevind is. Volgens die berig het 'n groterige aantal belangstellendes buite die hof saamgetrek vir die hofverskyning. Mnr John Tau, sekretaris van Cosatu in Noordwes, sê die gemeenskap het gemengde gevoelens oor die saak. "Ons hoop vir ligte vonisse." Lede van die AWB het ook buite die hof saamgetrek. 'n Sterk polisieteenwoordigheid is buite die hof gehandhaaf.

*Artikel: Landbou Weekblad.*

# Philipstown goes green

PHILIPSTOWN — "Make a difference with the necessary skills you have acquired," these were the words of Sylvia Lucas, MEC for Environment and Nature Conservation (DENC) in Northern Cape. She, along with many notables including Mayor of Renosterberg Municipality, Arthwell Kwinana, and Speaker for Pixley ka Seme Municipality, Miriam Kibi, attended the closing event of the Philipstown Expanded Public Works Programme (EPWP) poverty alleviation project. The Programme Director for the day was Les Abrahams, Director of Environment Empowerment Services with DENC.

The project, which ran from 13 March to 13 June 2012, employed twenty individuals, from Philipstown. It entailed cleaning of the streets, municipality, library, pavements, church grounds, community hall as well as cleaning and renovation of the Imizamo Yethu crèche found in Elukhanyisweni. The beneficiaries also received invaluable training in Life Skills, Personal Finance Management amongst others.

The event, held on Thursday, 14 June in Philipstown, started on a perfect note with a moving rendition of the National Anthem.


The CEO of Anix Consulting, Rhiyaan Cupido, then took all present through a slideshow of the project. It was a truly fulfilling moment to see how far these individuals, and the town, have come in such a short space of time.

The project teams, also performed heartwarming musical items to show their gratitude, even mentioning that 'Anix gives us life'.

Along with receiving their certificates and special gifts from Anix, the project staff also received a major surprise from DENC in the form of two bakkie loads of vegetables.

Sindile Cebekhulu, from the Department, closed the event with a wonderful positive note of thanks, and all who attended were then treated to a light lunch and drinks.

A few trees were also planted outside the Philipstown hall, in remembrance of this prestigious day.



**After the EPWP event two bakkie loads of vegetables were shared amongst those in attendance.**



**Sylvia Lucas, MEC for Environment and Nature Conservation, with guests of honour at the tree planting site outside the Philipstown Hall.**



**The MEC for Environment and Nature Conservation in Northern Cape, Ms Sylvia Lucas, planting a tree at Philipstown after the closing of the EPWP poverty alleviation project.**



**Mnr Lance Greyling se vierjaar opleiding is nou voltooi en hy is met ingang 1 Junie as senior tegniese beampte by Eskom aangestel. 'n Dag nadat sy grootmoeder, me Maryna van der Merwe, haar tuig by Op die Kruin na 33 jaar neergelê het — histories vir die familie voorwaar!**

## *Dorp eens dominant Engels*

DE AAR — Dit is haas ondenkbaar dat De Aar eens op 'n tyd 'n oorweldigende Engelssprekende dorp was. Veral die jare na die Anglo Boere-oorlog met Lord Milner se verengelsings beleid, was De Aar 'n oorwegend Engelse dorp.

Baie jong Britte is na Suid-Afrika laat kom om administratiewe poste te vul. Betrekkings in howe en die staatsdiens is deur jong Oxford afgestudeerdes gevul en die Hollandssprekendes het na hierdie groep jong manne verwys as die "Kindergarten".

Dit het egter nie net by gegradueerdes gebly nie en spoorwegpersoneel is ook vanaf Groot Brittanje gewerf en het op De Aar beland. 'n Klompie jaar na die oorlog was De Aar dus eintlik 'n Engelse dorp met drie Engelse Protestantse Kerke, Anglikaans, Metodis en Presbeteriaans.

Die Rooms Katolieke Kerk het gedurende 1924 'n Engelse klooster begin en 'n kerk is in 1928 gebou, terwyl die een Afrikaanse kerk gespartel het om tot stand te kom.

Met net een uitsondering was alle besighede, algemene handelaars en slagters in die hande van die Joodse gemeenskap en hulle het ook Engels as handelstaal gebruik.

As mens vandag luister na die verskillende aksente wat mens dikwels hier ver van die kusdorpe en stede hoor, is dit haas ondenkbaar dat De Aar vroeër oorwegend Engelssprekend was.

## Dissiplinestelsel

DE AAR — Die Laerskool De Aar sal voortaan van 'n nuwe dissiplinestelsel by die skool gebruik maak. Die nuwe stelsel is Woensdagaand 20 Junie aan die ouers van die skool bekend gestel.